# Oggendgebede vir Ortodokse Christene.

*Nadat jy opgestaan het, voordat jy enigiets anders doen, staan eerbiedig en beskou jouself as in die teenwoordigheid van die God wat alles sien, en nadat jy die teken van die Kruis gemaak het, sê*:

In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Amen.

*Wag dan 'n oomblik totdat al jou sintuie tot bedaring gekom het en jou gedagtes alle aardse dinge versaak het, en maak dan drie buiginge, en sê:*

**Die Gebed van die Tollenaar.**

O God, ontferm U oor my, 'n sondaar.

**Die Aanvangsgebed.**

Here Jesus Christus, Seun van God, ter wille van die gebede van u Alheilige Moeder en al die heiliges, ontferm U oor ons. Amen.

Eer aan U, ons God, eer aan U.

Hemelse Koning, Trooster, Gees van die Waarheid,
alomteenwoordig en met Wie alles vervul is,
Skatkis van die goeie en Gewer van lewe,
kom woon in ons,
suiwer ons van alle onreinheid,
en red ons siele, o Goeie.

Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons. (*drie maal)*

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Alheilige Drie-eenheid, ontferm U oor ons.
Here, reinig ons van ons sondes.
Meester, vergeef ons ons oortredinge.
Heilige, besoek en genees ons swakhede,
om u Naams ontwil.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Onse Vader, wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied,

soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die bose.

**Troparia van die Heilige Drie-eenheid.**

Noudat ons ontwaak het uit die slaap, val ons voor U neer, o Goeie, en sing ons tot U die lied van die Engele, o Magtige: Heilig, Heilig, Heilig is U, o God. Deur die Theotokos, ontferm U oor ons.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Noudat U my uit die bed en die slaap opgewek het, Here, verlig my gees, en open my hart en lippe, om tot U te sing, o Heilige Drie-eenheid: Heilig, Heilig, Heilig is U, o God. Deur die Theotokos, ontferm U oor ons.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Skielik sal die Regter kom en elkeen se dade sal blootgelê word. Maar in vrees sal ons in die middel van die nag uitroep: Heilig, Heilig, Heilig is U, o God. Deur die Theotokos, ontferm U oor ons.

Here, ontferm U. *(twaalf maal)*

**'n Dankseggingsgebed deur die Heilige Basilios die Grote, aan die Heilige Drie-eenheid.**

Terwyl ek opstaan uit die slaap dank ek U, Heilige Drie-eenheid, want deur u groot goedheid en lankmoedigheid was U nie vertoornd met my, ’n onverskillige sondaar nie, en het U my ook nie saam met my ongeregtighede uitgewis nie, maar U het u gebruiklike mensliewendheid bewys, en toe ek in wanhoop gelê het, het U my gewek om die oggendwaak te hou en u mag te verheerlik. Verlig nou ook die oë van my verstand, en open my mond om u woorde te oordink en u gebooie te verstaan, om u wil te doen en tot U te sing met hartgrondige belydenis, en om u alheilige Naam te besing, van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Kom, laat ons aanbid en neerval voor God, ons Koning.

Kom, laat ons aanbid en neerval voor Christus God, ons Koning.

Kom, laat ons aanbid en neerval voor Christus self, ons Koning en God.

**Psalm 50.**

Ontferm U oor my, o God, volgens u groot barmhartigheid en wis volgens die oorvloed van u medelye my oortreding uit.

Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.

[5] Want ek ken my ongeregtigheid, en my sonde is altyd voor my.

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat boos is in u oë, sodat U geregverdig mag word deur u woorde, en U mag oorwin wanneer U geoordeel word.

Want kyk, in ongeregtighede is ek ontvang, en in sondes het my moeder my gebaar.

Want kyk, U het waarheid liefgehad, die geheime en verborgene van u wysheid het U aan my bekend gemaak.

U sal my besprinkel met hisop, en ek sal gereinig word; U sal my was en ek sal witter word as sneeu.

[10] U sal my vreugde en blydskap laat hoor; die vernederde gebeentes sal jubel.

Wend u aangesig van my sondes af, en wis al my ongeregtighede uit.

Skep in my 'n rein hart, o God, en gee opnuut 'n opregte gees in my binneste.

Verwerp my nie van u aangesig nie, en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.

Gee my weer die vreugde van u heil, en versterk my deur u bestierende Gees.

[15] Ek sal wetteloses u weë leer, en die goddeloses sal hulle tot U wend.

Red my van bloedskuld, o God, God van my heil; my tong sal jubel oor u geregtigheid.

Here, U sal my lippe open, en my mond sal u lof verkondig.

Want as U 'n offer verlang het, sou ek dit gegee het; in brandoffers sal U geen behae hê nie.

'n Offer aan God is 'n verbryselde gees; 'n verbryselde en vernederde hart sal God nie verag nie.

[20] Doen goed, Here, aan Sion in u welbehae, en laat die mure van Jerusalem gebou word.

Dan sal U 'n welbehae hê in 'n offer van geregtigheid, in offergawe en brandoffers; dan sal hulle stiere offer op u altaar.

**Die Geloofsbelydenis.**

Ek glo in een God, die Almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, en van alle sigbare en onsigbare dinge.

En in een Here, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye. Lig uit Lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur Wie alle dinge ontstaan het.

Wat ter wille van ons, mense, en ter wille van ons saligheid neergedaal het uit die hemele, vlees geword het deur die Heilige Gees en die Maagd Maria, en mens geword het.

Wat vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, en gely het en begrawe is, en op die derde dag weer opgestaan het, volgens die Skrifte.

Wat opgevaar het na die hemele en sit aan die regterhand van die Vader.

En wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die lewendes en die dooies.

Wie se Koninkryk geen einde sal hê nie.

En in die Heilige Gees, die Here, die Lewendmaker, wat van die Vader uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word, wat gespreek het deur die profete.

En in een Heilige, Katolieke en Apostoliese Kerk.

Ek bely een doop tot vergifnis van sondes.

Ek verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige ewigheid. Amen.

**’n Eerste Gebed, deur die Heilige Makarios die Grote.**

O God, reinig my, ’n sondaar, want ek het nog nooit iets goeds gedoen voor u aangesig nie, en verlos my van die bose en laat u wil in my geskied, sodat ek my onwaardige mond sonder veroordeling mag oopmaak om u heilige Naam te loof: van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

**’n Tweede Gebed, deur dieselfde Heilige.**

Noudat ek opgestaan het uit die slaap, bied ek aan U, o Verlosser, die middernagtelike lied, en terwyl ek neerval smeek ek U: Gee dat ek nie sal insluimer in die dood van die sonde nie, maar betoon medelye aan my, o U wat vrywillig gekruisig is, en haas U om my op te wek waar ek ledig rondlê, en red my deur gebed en voorbidding; en ná die nag se slaap laat ’n sondelose dag oor my skyn, o Christus God, en red my.

**’n Derde Gebed, deur dieselfde Heilige.**

Noudat ek opgestaan het uit die slaap, haas ek my tot U, mensliewende Meester, en deur u liefdevolle guns streef ek daarna om u werk te doen, en ek bid U: Help my te alle tye en in alles, verlos my van alle wêreldse boosheid en alle aanslae van die duiwel, en red my en lei my in u ewige koninkryk in. Want U is my Skepper, en die Gewer en Voorsiener van alle goeie dinge, en op U plaas ek al my hoop, en tot U stuur ek die lof omhoog, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

**’n Vierde Gebed, deur dieselfde Heilige.**

O Here, wat in U oorvloedige goedheid en groot medelye dit aan my, u dienaar, gegun het om deur die afgelope nag te gaan sonder om aangeval te word deur enige vyandelike boosheid : Ag U self my waardig, o Meester, Skepper van alle dinge, om deur u ware lig en met ’n verligte hart u wil te doen, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

**’n Vyfde Gebed, deur die Heilige Basilios die Grote.**

O Almagtige Here, God van die Leërskare en van alle vlees, wat in die hemel woon en neerkyk op die nederige, wat mense se harte en innerlike ondersoek, en duidelike voorkennis het van mense se geheime; o beginlose en ewigdurende Lig, by wie daar geen veranderlikheid is nie, en geen sweem van ommekeer nie: Aanvaar U self, o Onsterflike Koning, ons smeekbedes, wat ons vanweë u menigvuldige medelye waag om aan U te bied deur ons bevlekte lippe; en vergewe ons ons sondes, in daad, woord en gedagte, wetend of onwetend begaan, en reinig ons van alle bevlekking van die vlees en die gees. En gee dat ons deur die nag van die hele teenswoordige lewe mag gaan met ’n waaksame hart en nugter denke, terwyl ons altyd wag op die koms van die luisterryke en vasgestelde dag van u Eniggebore Seun, ons Here en God en Saligmaker, Jesus Christus, waarop die Regter van almal met heerlikheid sal kom om elkeen volgens sy dade te beloon. Mag ons nie gevalle en ledig gevind word nie, maar waaksaam en opreg in handeling, gereed om Hom te vergesel in die blydskap en Goddelike bruidsaal van sy heerlikheid, waar daar die nimmereindigende klank van die feesvierendes is, en die onbeskryflike vreugde van hulle wat die onuitspreeklike skoonheid van u aangesig aanskou. Want U is die ware Lig wat almal verlig en heilig, en die hele skepping besing U tot in ewigheid. Amen.

**’n Sesde Gebed, ook deur die Heilige Basilios die Grote.**

Ons loof U, Allerhoogste God en Here van ontferming, wat altyd groot en onnaspeurlike dinge vir ons doen, heerlike en ontsagwekkende dinge wat sonder enige maat is, U wat die slaap aan ons skenk sodat ons kan rus van ons swakhede, en as ontspanning van die arbeid van ons veelvermoeide vlees. Ons dank U dat U ons nie saam met ons ongeregtighede vernietig het nie, maar dat U soos gewoonlik u liefdevolle guns aan die mens bewys het, en dat terwyl ons in wanhoop op ons beddens gelê het, U ons opgewek het om u heerskappy kan verheerlik. Daarom pleit ons tot u grenslose goedheid:

Verlig die oë van ons verstand en wek ons gees uit die swaar slaap van die ledigheid; open ons mond en vul dit met u lof, sodat ons in staat mag wees om U voortdurend te besing en te bely, U wat God is, verheerlik in almal en deur almal, die beginlose Vader, saam met u eniggebore Seun en u alheilige en goeie en lewendmakende Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

**’n Sewende Gebed, tot die Alheilige Theotokos.**

Ek sing van u genade, o Meesteres, en ek bid u om my gees te begenadig. Leer my om reg op die weg van Christus se bevele te wandel. Versterk my om wakker te bly in my lied, en verdryf die slaap van neerslagtigheid. O Bruid van God, bevry my deur u gebede, ek wat gebind is met die bande van die sonde. Bewaak my dag en nag, en verlos my van die vyande wat my verslaan. O draer van die lewegewende God, maak my lewendig wat deur die hartstogte gedood word. O draer van die Lig wat nie taan nie, verlig my verblinde siel. O wonderbaarlike paleis van die Meester, maak my ’n woning van die Goddelike Gees. O draer van die Geneesheer, genees die hardnekkige hartstogte van my siel. Lei my na die pad van bekering, want ek word rondgeslinger in die lewensstorm. Verlos my van die ewige vuur, die bose wurms en plek van straf. Laat my nie blootgestel word aan die leedvermaak van duiwels nie, ek wat aan baie sondes skuldig is. Vernuwe my wat oud geword het vanweë sinnelose sondes, o Al-onbevlekte. Gee dat ek alle folteringe sal vryspring en bid vir my by die Meester van almal. Ag my waardig om saam met al die heiliges die vreugdes van die hemel te vind. Alheilige Maagd, hoor die stem van u nuttelose dienaar. Skenk my strome trane, o Alreine, om my siel van onreinheid te suiwer. Ek bied u onophoudelik die kreune van my hart, strewe ten behoewe van my, o Meesteres. Aanvaar my smeekbedediens en bied dit aan die God van medelye. U wat verhewe bo die engele is, verhef my bo hierdie wêreld se verwarring. O Ligdraende hemelse tabernakel, rig die genade van die Gees in my. Ek hef my hande en lippe tot u lof, bevlek soos hulle is deur onreinheid, o Al-onbevlekte. Verlos my van booshede wat my siel bederf, en doen vuriglik voorbidding by Christus, aan Wie die eer en aanbidding toekom, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

**’n Agste Gebed, tot ons Here Jesus Christus.**

O my al-ontfermende God wat vol barmhartigheid is, Here Jesus Christus, deur u groot liefde het U neergedaal en vlees geword sodat U almal kon red. Weereens bid ek U dan, o Saligmaker, red my deur u genade. Want as U my op grond van my werke moes red, sou dit nie genade of ’n gawe wees nie, maar ’n plig; ja, U wat groot in medelye is en onuitspreeklik in ontferming. Want hy wat in My glo, het U gesê, my Christus, sal lewe en nooit die dood aanskou nie. Indien geloof in U dan die wanhopige red, kyk, ek glo, red my, want U is my God en Skepper. Laat geloof in plaas van werke aan my toegereken word, my God, want U sal geen werke vind wat my kon regverdig nie. Maar mag my geloof genoegsaam wees in plaas van alle werke, mag dit verantwoording doen vir my, mag dit my vryspreek, en mag dit my ’n deelnemer aan u ewige heerlikheid maak. En laat die Satan my nie gryp en spog, o Woord, dat hy my uit u hand en kudde losgeskeur het nie. Maar of ek dit wil hê of nie, red my, Christus my Saligmaker, spring my gou voor, want ek

vergaan. U is my God vanaf die moederskoot. Ag my waardig, Here, om U so vurig lief te hê soos wat ek voorheen die sonde liefgehad het, en om ywerig en sonder enige luiheid vir U te werk, soos wat ek voorheen vir die bedrieglike Satan gewerk het. Maar bowenal sal ek vir U werk, my Here en God, Jesus Christus, al die dae van my lewe, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

**’n Neënde Gebed, tot jou Heilige Beskermengel.**

Heilige Engel wat my armsalige siel en ellendige lewe bystaan, verlaat my, ’n sondaar, nie, gaan nie weg van my vanweë my gebrek aan selfbeheersing nie, en laat nie ruimte vir die bose gees om oor my baas te speel deur die oorrompeling van my sterflike liggaam nie. Hou vas my armsalige, swakke hand en lei my op die pad van die heil. Ja, Heilige Engel van God, bewaarder en beskutter van my armsalige siel en liggaam, vergewe my alles waarin ek u bedroef het al die dae van my lewe, ook as ek vannag gesondig het. Beskut my vandag en bewaar my van alle mishandeling deur die teenstander, sodat ek God nie deur een of ander sondige daad vertoorn nie. Tree vir my in by die Here, dat Hy my mag versterk in sy vrees, en my ’n dienaar waardig van sy goedheid mag maak. Amen.

**’n Tiende Gebed, tot die Alheilige Theotokos.**

O my alheilige Meesteres Theotokos, deur u heilige en alleswerkende gebede verwyder van my, u nederige en armsalige dienaar, neerslagtigheid, vergeetagtigheid, dwaasheid en nalatigheid, verwyder ook alle onreine, bose en godslasterlike gedagtes uit my armsalige hart en verduisterde gees. En doof die vlam van my hartstogte, want ek is arm en ellendig, en verlos my van my menige wrede herinneringe en dade, en bevry my van al hul bose gevolge. Want u word geloof deur alle geslagte, en u al-eerbiedwaardige naam word verheerlik tot in ewigheid. Amen.

**Aanroeping van die Heilige wie se naam jy dra.**

Bid tot God vir my, Heilige *N.*, welbehaaglik vir God, want ek wend naarstiglik my toevlug tot jou, spoedige helper en voorbidder vir my siel.

**’n Lied tot die Alheilige Theotokos.**

Maagd wat God gebaar het, verheug u;
o begenadigde Maria, die Here is met u.
Geseënd is u onder vroue,
en geseënd is die Vrug van u skoot,
want u het gebaar die Redder van ons siele.

**Die Troparion van die Heilige Kruis.**

Red, o Heer, u volk,
en seën u erfdeel.
Skenk oorwinning aan die vromes
oor hul vyande,

en deur die Krag van u Kruis
bewaar u gemeenskap.

**Vir die Lewendes.**

Bring in herinnering, Here Jesus Christus ons God, u ewige barmhartighede en medelye, ter wille waarvan U mens geword het en bereid was om kruisiging te verduur vir die verlossing van almal wat reg glo in U. U het opgestaan uit die dood en opgevaar na die Hemel en U sit aan die regterhand van God die Vader, en U gee ag op die nederige versoeke van hulle wat U met hul hele hart aanroep. Wend U oor en hoor die gebed wat ek, u nuttelose dienaar, as 'n welriekende geestelike geur aan U bied vir u hele volk. Eerstens, bring in gedagte u Heilige, Katolieke en Apostoliese Kerk wat U deur u kosbare bloed gekoop het. Bevestig, versterk, verbreed en vermenigvuldig haar. Skenk haar vrede en hou haar vir ewig onoorwonne deur die poorte van die doderyk. Genees die skeuringe van die kerke, doof die raserny van die heidene, vernietig en ontwortel gou die opkoms van ketterye, en maak dit tot niet deur die krag van die Heilige Gees. *Buiging.*

Red, Here, en ontferm U oor die heilige Ortodokse patriarge, die mees eerbiedwaardige metropoliete, Ortodokse aarstbiskoppe en biskoppe, priesters en diakens en al die dienaars van die Kerk, wat U aangestel het om u redelike kudde te versorg, en deur hulle gebede ontferm U oor my en red my, 'n sondaar. *Buiging.*

Red, Here, en ontferm U oor my geestelike vader *N.* en vergewe my oortredinge deur sy heilige gebede. *Buiging.*

Red, Here, en ontferm U oor my ouers, *Name*, broers en susters, my familie na die vlees, hulle wat na aan my familie is, en al my vriende, en skenk hulle u aardse en geestelike seëninge. *Buiging.*

Red, Here, en ontferm U oor die bejaardes en die jeug, die armes en die weduwees en wese, en almal wat in siekte en verdriet verkeer, in ongeluk en verdrukking, in benoudheid en aanhouding, in gevangenisse en kerkers, en veral diegene van u dienaars wat ter wille van U en die Ortodokse geloof vervolg word deur goddelose heidene, afvalliges en ketters: hou hulle in gedagte, besoek, versterk, en vertroos hulle, en deur u krag skenk hulle spoedige uitkoms, vryheid en verlossing. *Buiging.*

Red, Here, en ontferm U oor ons vaders, broers en susters en alle Ortodokse Christene wat op reis is in u diens. *Buiging.*

Red, Here, en ontferm U oor hulle wat ek laat struikel het, wat ek laat wegdraai het van die pad van verlossing en gelei het na bose en onbetaamlike dade. Laat hulle deur u Goddelike Voorsienigheid terugkeer na die pad van verlossing. *Buiging.*

Red, Here, en ontferm U oor hulle wat my haat, aanstoot gee en kwaad aandoen, en laat hulle nie verlore gaan vanweë my, 'n sondaar, nie. *Buiging.*

Verlig met die lig van kennis hulle wat afvallig geword het van die Ortodokse Geloof en wat verblind is deur vernietigende ketterye, en herenig hulle met u Heilige, Apostoliese, en Katolieke Kerk. *Buiging.*

**Vir die heengeganenes.**

Bring in herinnering, Here, hulle wat hierdie lewe verlaat het, Ortodokse konings en koninginne, prinse en prinsesse, heilige patriarge, al-eerbiedwaardige metropoliete, Ortodokse aartsbiskoppe en biskoppe, almal wat U as priesters en dienaars van die Kerk en in die kloosterorde gedien het, en skenk aan hulle rus saam met u heiliges in u ewige woninge. *Buiging.*

Bring in herinnering, Here, die siele van u heengegane dienaars, my ouers, *Name*, en al my familie na die vlees; vergewe hulle al hul oortredinge, opsetlik en onopsetlik begaan, en skenk hulle die Koninkryk, 'n aandeel in u ewige seëninge, en die genieting van die ewige geseënde lewe. *Buiging.*

Bring in herinnering, Here, al ons vaders, broers en susters, wat hier en oral ontslape lê, en alle Ortodokse Christene wat heengegaan het in die hoop op die opstanding en die ewige lewe, en laat hulle saam met u heiliges bly, waar die lig van u aangesig hulle sal besoek, en ontferm U oor ons, want U is goed en mensliewend. *Buiging.*

Skenk vergifnis van sondes, Here, aan al ons vaders, broers en susters wat voor ons heengegaan het in die geloof en hoop op die opstanding, en hou hulle in ewige gedagtenis. *Buiging.*

**'n Finale Gebed.**

Dit is waarlik gepas om u salig te noem, o Theotokos,
immergeseënd, al-onskuldig en die Moeder van ons God.
Eerbiedwaardiger as die Gerubim,
en onvergelyklik glorieryker as die Serafim,
het u ongeskonde God die Woord gebaar.
Ware Theotokos, ons verheerlik u.

Eer aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Here, seën.

Here Jesus Christus, Seun van God, ter wille van die gebede van u onbevlekte Moeder, ons heilige en Goddraende vaders en al die heiliges, ontferm U oor ons. Amen.